Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

Die O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woens., 23 Feb. 1949 Prys 3d. No. 14

# HERVORMING IS DRINGEND NODIG SÊ ADJUNK - K.G.

**„Ons sien daagliks meer hoe onprakties dit is om groot vraagstukke binne die partystelsel op te los. Daar gaan amper nie 'n dag meer om nie of jy lees in jou koerant van nog 'n vraagstuk wat buite die partypolitiek opgelos gaan word. Dit is 'n aanduiding van die noodsaaklikheid dat propaganda gemaak moet word vir 'n hervorming van die huidige parlementêre stelsel wat gesamentlike optrede onmoontlik maak. Dit is wat die Ossewabrandwag wil doen," het die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, Saterdagaand op Wellington gesê toe hy saam met die K.G. 'n groot gehoor toegespreek het.**

Genl. Smith het daarop gewys hoe binne die huidige stelsel die verskillende groepe elk met sy eie pers sit en propaganda maak vir sy eie standpunt, en dat alle moontlikheid vir samewerking uitgesluit is. Reeds sedert 1910 word daar gestrewe na groter eenheid, toe groepe soos Het Volk, die Afrikanerbond en Oranje Unie saamgesmelt het. Later het die Ossewabrandwag gekom met sy doel om beter verhoudings in ons volk en 'n hervorming van staatsbestuur teweeg te bring. Uit verskillende verenigings is uiteindelik 'n komitee saamgestel om in die rigting te werk. **Na agtien maande se arbeid het hierdie gesamentlike komitee met 'n konsep-grondwet gekom wat deur almal aanvaar is — ook die leier van die H.N.P. wat dit later in sy pers laat publiseer het. Hulle het ook plegtig besluit dat elke organisasie hom moet toespits op die propagering van daardie beginsels — die beginsels wat die O.B. vandag nog handhaaf.**

(vervolg op bladsy 8)

# „EK SAL MY SELFRESPEK VERLOOR AS EK VIR H.N.P. STEM" — K.G.

**„Die doel van die H.N.P. met die Provinsiale verkiesing is om te kyk of hulle alleen kan regeer. As hulle dan alleen wil regeer, dan sal die Ossewabrandwag nie in hul pad staan nie. Dit is ons houding. Na wat daar die afgelope tyd gebeur het, is dit vir die O.B. onmoontlik om met behoud van enige selfrespek vir hulle te stem," het die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, Saterdagaand in die stadsaal op Wellington verklaar. Tussen 700 en 800 mense het die stadsaal volgepak.**

As non-parlementêre organisasie is die Ossewabrandwag bereid om sy plig op parlementêre gebied te doen deur middel van die bestaande politieke partye, het die K.G. gesê. Maar as gevolg van kongresbesluite kan die O.B. dit nie deur middel van die H.N.P. doen nie.

Die Afrikanerparty was egter vriendelik genoeg om sy deure oop te gooi, daar hulle nie vra of jy 'n O.B. is nie, maar of jy hul konstitusie onderskryf. Daarom het die O.B.-lede tot 'n groot mate met dankbaarheid ingestroom in die party wat deur mnr. Havenga gelei word.

**Dit was gevolglik vir spr. 'n skok toe hy besef dat O.B.-lede nou selfs binne die geledere van 'n bevriende party deur die H.N.P.-leiding vervolg word as gevolg van 'n vete wat buite die geledere van die A.P. ontstaan het.**

'n Baie swaar verantwoordelikheid rus op leiers as hulle 'n broederstryd binne die geledere van die volk veroorsaak. In die lig hiervan wil spr. sekere sake uit die verlede opdiep.

Spr. wil herinner aan die stryd wat daar in Augustus 1941 ontbrand het. Daar is die bitterste dinge van en teen die O.B. gesê. Daardie stryd het fel voortgewoed en is versterk met Van der Walt-verklarings en toesprake wat mense uitgelewer het. Het die O.B. hierop ook bitter gehandel of liewer probeer versoen? het dr. Van Rensburg gevra.

### SAGTE ANTWOORD

„Die eerste toets wat daar aan hom gestel is het gekom met die algemene verkiesing van 1943. **Vroeg in daardie jaar, in Januarie, is daar amptelik en skriftelik namens die Grootraad 'n uitnodiging aan dr. Malan, mnr. Havenga en mnr. Pirow gerig dat as hulle driehoekgevegte uitskakel, dan is die O.B. bereid om alles te vergeet en sy masjinerie agter hulle in die verkiesing in te gooi. Twee leiers, mnr. Havenga en mnr. Pirow, het die voorstel aanvaar terwyl die leier van die H.N.P., dr. Malan, dit geweier het.** Ten spyte hiervan het die O.B.-leiding aan sy mense gesê: „As julle wil stem, stem dan vir 'n goedgesinde kandidaat, maar stem in elk geval anti-empire."

Daarna is hierdie voorstel met elke tussenverkiesing herhaal — amptelik en skriftelik — aan die enigste bestaande opposisiegroep, want die ander twee was toe vernietig. **Elke keer is hierdie voorstel openlik afgejak, maar elke keer is daar bygesê: „Julle moet vir ons stem."**


### LIGSTRAAL

In April 1947 het daar 'n ligstraal deurgebreek toe mnr. Havenga en dr. Malan elk met behoud van hul eie identiteit besluit het om 'n gesamentlike front op te rig teen die destydse regering. **Toe het ons vir die eerste keer sedert die broederstryd begin is, gevoel dat daar nou 'n pad is wat uit die woestyn lei. Omdat O.B.-lede ook welkom is binne die A.P., het hulle daar 'n tuiste gevind sodat hulle ook op parlementêre gebiede hul plig kan doen en sodoende saamwerk met die H.N.P. Die Ossewabrandwag**

(vervolg op bladsy 8)

## VRYSTAAT ANTWOORD H.N.P.

**Tweehonderd - en - dertig hoofoffisiere van die Vrystaat het op 12 Februarie op Kroonstad vergader en 'n baie duidelike antwoord gegee om die H.N.P.-leiding se diskriminasie teen die Ossewabrandwag en die gemene skinderfluisterveldtog teen die persoon van die K.G. (Lees die volledige berigte op bladsy twee.)**




—(Foto met verlof van die Kaapstadse Argief.)

## *Ons Eie . . .*

**LEES OOK die hoogs interessante artikel van A. J. van Rooy oor die vraagstuk van 'n hoofstad vir die Unie met 'n nuwe volksraadsgebou, op BLADSY VIER.**

## *. . . en die Vreemde*



**Die twee foto's op hierdie bladsy bied 'n treffende teenstelling van die gees in 'n partylose staat en dié in 'n Britse partystaat. Die boonste foto gee 'n blik op die ou raadsaal van die Suid-Afrikaanse Republiek van Transvaal. Omdat daar in die Republiek geen partystelsel was nie, maar 'n eenheidsbewind waarbinne die hele volk, ongeag verskil van mening oor sommige sake, saamgetrek het aan die volkswa, is die raadsaal so ingerig dat die volksraadslede almal in dieselfde rigting kyk, en wel na die voorsitter. Die stoele en tafels, soos die foto aantoon, is sirkelvormig opgestel rondom die tafel van die voorsitter, wat ook sirkelvormig is. Soos 'n span osse wat wegbeur voor die wa, spreek die hele opstelling van die raadsaal van eenheid van sin en wil.**

**As 'n beklemtoning van die volkseie karakter wat dit dra, is die mure behang met portrette van voormanne van die volk — o.a. genl. Joubert, pres. Kruger en genl. Andries Pretorius.**

**Die onderste foto daarenteen is 'n toonbeeld van volksvreemdheid en verdeeldheid. Hier is die volksraadslede nie in gelid soos een span opgestel nie, maar soos twee oorlogvoerende leërs, in slagorde teenoor mekaar. Die voorsitter of „Speaker" — om korrek te wees — sit sommer doer eenkant half buite, sodat hy nie in die pad kan wees van die vegtende, teenoormekaar-opgestelde partye nie. Die hele opstelling van die raadsaal spreek dan ook 'n taal van verdeeldheid en teenstelling, van die onversoenbaarheid wat aangetref word in die hoenderhok waar twee mikkende hane mekaar tot die geveg uitdaag.**

**As beklemtoning van die volksvreemdheid van hierdie stelsel, hang daar aan die mure nie die portrette van Suid-Afrikaners nie, maar van 'n voormalige Britse koning en koningin.**

# OFFISIERE BYEEN OP KROONSTAD

**Onder voorsitterskap van hoofgeneraal Japie van der Merwe, het die Vrystaatse, Kimberley en Vryburgse offisiere van die Ossewabrandwag — 230 in getal — op Saterdag, 12 Februarie, te Kroonstad vergader.**

**Die vergadering is vooraf gegaan deur 'n baie gesellige middagete.**

Dr. J. M. de Wet, Gereformeerde predikant van Kroonstad, het die verrigtinge geopen met Skriflesing en gebed.

Hoofgenl. Japie v. d. Merwe het die vergadering meegedeel dat die Grootraad aanbeveel het dat dr. J. F. J. van Rensburg weer aangewys word as leier van die O.B. vir die volgende dienstermyn, nl. 3 jaar. In 'n kort en kragtige rede het oud-gebiedsleier Petrus Grobbelaar, tans van Vryburg, die aanbeveling van die Grootraad namens die offisiere gesteun. Sy toespraak is met geweldige geesdrif begroet. Die offisiere het die aanbeveling staande bevestig en het die K.G. toegesing „Die Heer se seën sal op u daal".

Die K.G. het sy waardering uitgespreek vir die vertroue wat Gebied C se offisiere in hom stel en sal deur die Genade van Bo, sy uiterste bes doen.

### SKENK BYDRAES

Mnr. Gordon Tomlinson van Vredefort het na aanleiding van die finansiële verslag 'n beroep op die aanwesige offisiere gedoen om elkeen 'n persoonlike bydrae van £5 te stort. Die volgende persone het onmiddellik hulle bydraes betaal:

Mnr. A. W. A. Maritz, Postmasburg, £5; komdt. H. J. Nel, Bethlehem, £5; genl. M. C. Eloff, Kirstonia, £5; komdt. H. G. Booysen, Oranjeville, £5; komdt. M. B. Jacobs, Griekwastad, £5; komdt. N. J. Kotze, Bloemfontein, £5; komdt. H. L. Jacobs, Amalia, £5; komdt. C. P. du Toit, Vrede, £5; mnr. M. P. Fourie, Villiers, £5; komdt. E. M. v. d. Merwe, Rosendal, £5; komdt. A. J. Muller, Harrismith, £5; hoofkomdt. J. J. Maree, Vrede, £5; komdt. C. P. J. Prinsloo, Bultfontein, £5; mnr. P. S. Grobler, Kroonstad, £5; komdt. M. J. Lotter, Heuningspruit, £5; mnr. S. W. Jacobs, Senekal, £5; komdt. S. W. v. d. Merwe, Edenburg, £10; komdt. J. J. van Rooyen, Edenburg, £10; Genl. P. S. Jordaan, Kroonstad, £5; hoofgenl. J. F. v. d. Merwe, Kaallaagte, £5; genl. P. J. Hendriks, Marquard, £5; komdt. J. D. Marais, Vryburg, £5; mnr. J. J. Erwee, Wesselsbron, £5; genl. M. G. Mynhardt, Modderrivier, £5; komdt. H. D. le Roux, Bultfontein, £5; mnr. B. K. Beukes, Wesselsbron, £5; mnr. Gordon Tomlinson, Vredefort, £5.

Die ander aanwesige offisiere het onderneem om ook elk 'n bedrag van £5 aan Sentrale Hoofkwartier te stuur.

Hierna het die K.G. die politieke toestand behandel.



**'n Blik op die offisiere van Gebied C wat die laertrek op Kroonstad bygewoon het. Die foto is gedurende die middagete geneem.**

---

# TOEGEWING AAN NIE-BLANKES

**Twee naturelle en 'n Asiaat is vir die eerste keer in die geskiedenis benoem tot lede van die Niassalandse Wetgewende raad. Hulle dienstydperk is drie jaar.**

**Die raad het voorheen bestaan uit ses blanke amptenare en ses burgerlike lede met die goewerneur as voorsitter, maar bestaan nou uit 6 blankes en drie nie-blankes.**

---

# VRYSTAAT VERONTWAARDIG OOR SKEURBELEID

**Onderskrywing van die Grootraadsbeleid, afkeuring van die vyandige en gewetenlose veldtog teen die persoon van dr. Hans van Rensburg en die voorneme om geen deel aan die provinsiale verkiesing te neem nie, is vervat in 'n besluit wat op 12 Februarie deur 'n groot vergadering van Vrystaatse, Kimberley en Vryburgse offisiere te Kroonstad aangeneem is. Die besluit lui:**

Hierdie vergadering van Vrystaatse, Kimberley en Vryburgse offisiere van die Ossewabrandwag het met waardering kennis geneem van die besluite van die Grootraad op sy jongs gehoue vergadering in Johannesburg.

Ons verheug ons in die herbenoeming van dr. J. F. J. van Rensburg tot Kommandant-generaal vir die volgende dienstydperk van 3 jaar wat deur ons bekragtig is. Ons verseker hom van ons hoogste trou en opregte waardering vir al sy selflose opofferinge in belang van die O.B.

Hierdie vergadering het ook kennis geneem van die talle naamlose briewe en artikels wat in die afgelope tyd in die H.N.P.-pers verskyn het, waarin venynige aanvalle en misleidende verdagmakery teen die persoon van ons Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg en die Ossewabrandwag gedoen is. Ons laak hierdie gewetenlose kampanje en spreek ons sterkste afkeuring daarteen uit.

### EREWOORDE


**Gedagtig aan die feit dat nie een van die sowat 40 H.N.P.-L.V.'s en besture wat voor die Parlementêre verkiesing hulle ERE-WOORD gegee het om hierdie soort optrede teen te werk, hul stem daarteen verhef het nie, kom ons dus tot die gevolgtrekking dat die waarde van die gegewe woord van sommige eerbare mense vir ons geen betekenis meer het nie.**

Ons voel oortuig dat daar 'n gulde geleentheid bestaan het om al die nasionale kragte in 'n hegte eenheid saam te snoer, maar dat die H.N.P.-leiding deur sy onopregte en selfsugtige optrede hierdie geleentheid vernietig het **en dat indien hulle voortgaan met hierdie verregaande vervolging en swartsmeerdery van mede-Afrikaners die toekoms van ons volk duister is.**

### OPSETLIK


Ons het ook kennis geneem dat die saamwerk-ooreenkoms tussen die Afrikanerparty en die H.N.P. betreffende die Provinsiale Verkiesing misluk het, hoofsaaklik tengevolge van die feit dat A.P.-kandidate wat ook lid van die O.B. is, nie vir die H.N.P. aanvaarbaar was nie. Ons is oortuig dat hierdie sogenoemde onaanneemlikheid van republikeinse mede-Afrikaners 'n opsetlike struikelblok is wat deur die H.N.P. geskep is om die Afrikanerparty uit die stryd te skakel **sodat die H.N.P. met die aanstaande verkiesing sy eie krag kan toets, en indien hulle daarin sou slaag, van alle ander Afrikanerkragte met wie hulle nou moet saamwerk, ontslae te raak en dus alleen te regeer. Ons voel onthuts oor hierdie roekelose spekulasie in tye wanneer elke beskikbare blanke krag ingeskakel behoort te word teen ons gemeenskaplike vyande.**

Ons wil dan ook hiermee onomwonde verklaar dat onder genoemde omstandighede alle geesdrif wat mag bestaan het vir die aanstaande verkiesing nou gedemp is en dat ons geensins daaraan sal deelneem nie, **en indien O.B.-lede vir H.N.P.-kandidate stem hulle die H.N.P. (wetend of onwetend) in sy selfsugtige optrede versterk om voort te gaan met die moedswillige vernietiging van Afrikanereenheid.**

BEROEMD *en* WELBEKEND
*oor die 66 jaar vir*
BESTE WAARDE
*in*
**KLAVIERE**
*VLEUELKLAVIERE*
*HUIS- EN KERKORRELS*
sowel as alle
ander soorte MUSIEKINSTRUMENTE en Toebehore.
GRAMMOFONE, Plate, ens. — DRAADLOOSTOESTELLE
BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid

*Spesiale Afdeling:*



**WAPENS**
PATRONE, Jagbenodigdhede, VERKYKERS, Weerglase
Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.

*Nuwe afdeling vir*
YSKASTE • ELEKTRIESE STOWE • Elektriese Artikels

**R. MÜLLER (Eiens.) BPK.**
Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD



VUURSLAG
MAANDBLAD VAN DIE BOEREJEUG

**Aan alle lede wat nog nie op ons eie blad ingeteken het nie, wil ons vra: DOEN DIT SO GOU MOONTLIK. Hierdie blad verskyn maandeliks en bevat baie interessante artikels vir kleingoed en Boerejeug.**

*TEKEN DADELIK DAAROP IN BY*
POSBUS 1059 — PRETORIA
*Intekengeld net 3s. 6d. per jaar*

# K.G. SPREEK OFFISIERE TOE



**Die offisiere van Gebied F het op 5 Februarie die leiding wat die Grootraad gegee het, met groot geesdrif aanvaar. Op ons foto is die Kommandant-generaal besig om die aanwesiges toe te spreek. Die ander persone op die verhoog is:**

**AGTER (van links na regs)**

**Genl. Japie Eloff, genl. Charles Malherbe, genl. Koos du Toit, genl. Ben Auret, genl. Hendrik Neethling, genl. Dannhauser, oud-genl. C. Fouche, hoofgenl. Kalie Behrens en hoofgenl. P. de W. Wiid.**

**VOOR (van links na regs)**

**Genl. P. W. Buys en Gebiedsleier genl. H. M. van der Westhuysen.**

# Vuurpyl Wat Ander Abba

Die V.S.A.-vloot het 'n abba-vuurpyl ontwerp wat projektiele dra wat vinniger as klank beweeg. Daar word gemeen dat dit die grootste vuurpyl is wat nog ooit gebou is. Klank trek omtrent 750 myl per uur. Die vuurpyl is bedoel om vinnige projektiele se snelheid te verhoog deur hulle eers 'n end ver te dra.

Die Amerikaanse lugmag het ook onlangs vuurpyle aangekondig wat beheer kan word totdat dit sy doel tref.

Dit was die Duitsers wat eerste met vuurpyle voor die dag gekom het, die bekende V.2.

# SKINDERVELDTOG BREEK IN NUWE WOEDE UIT TEEN K.G.

**Berigte uit alle dele van die land dui daarop dat die georganiseerde skinderveldtog teen dr. Hans van Rensburg met nuwe woede uitgebreek het, en op die oomblik word dit gedryf op parlementêre en „intellektuele" hoogte. „As jy weet hoe daar in intellektuele kringe gepraat word van hoe 'n skurk Van Rensburg is, sal jy nie 'n dag langer aan hom glo nie," het 'n vooraanstaande dame by voorbeeld kort gelede aan 'n O.B.-offisier gesê.**

Toe sy deur die offisier gevra is of een van daardie lede van die „hoë kringe" miskien al vir dr. Van Rensburg ontmoet het, het sy ontnugter toegegee: „Ja, jy ken hom natuurlik beter." En inderdaad het daardie offisier 'n intieme kennis van die O.B.-leier wat strek oor 'n tydperk van twaalf jaar — ook uit die dae toe hy 'n intieme huisvriend was van baie van die huidige H.N.P.-leiers. Maar — by gesê — dit was in die dae toe dr. Van Rensburg nog nie „sedert sy kindsjare 'n sap" was nie, toe dit nog maklik was om te onthou dat hy privaatsekretaris was van die Nasionale Leier van Transvaal, wyle Tielman Roos.

**„INTELLEKTUEEL"**

Hoe intellektueel hierdie skinderstories inderdaad is, blyk uit die volgende wat in Transvaal op die oomblik sirkuleer: Die Ossewabrandwag het sy ontstaan te danke aan dr. Van Rensburg wat as administrateur van die Vrystaat indertyd in 'n motor gery het met die (Bloemfonteinse) nommer O.B.1! Hoe intellektueel-subtiel!

Maar die skadelikste storie is die agtjarige veteraan dat dr. Van Rensburg tydens die oorlog met genl. Smuts geskakel het — **ja nog steeds tenspyte van die H.N.P.-leiding se verskoning dat hulle nie met die O.B. kan saamwerk nie omdat daar getuienis sou wees dat dr. Van Rensburg met Duitsland geskakel het!**

**DIE OORSPRONG**

Hierdie storie het sedert die einde van 1941 in verskillende variasies gesirkuleer. Een van daardie variasies — wat trouens ook die bron van die hele skinderstorie was — was dié van dr. Malan te Stellenbosch op 27 Augustus 1941 en Piketberg op 6 Februarie 1942. In eersgenoemde geval het dr. Malan (volgens Die Burger van 28 Aug.) sy aantyging as volg gestel:

„Dr. Van Rensburg . . . bou 'n ketting, maar daardie ketting het minstens een skakel wat aan veldmaarskalk Smuts skakel. **Daardie skakels is die leiers van die Afrikanerparty wat reeds duidelik getoon het dat slegs die oorlog hulle van veldmaarskalk** Smuts skei. As die oorlog verby is gaan hulle terug na hom."

Volgens hierdie redenasie moet dr. Van Rensburg vandag eintlik met dr. Malan skakel, want in stryd met dr. Malan se profesie het mnr. Havenga en sy party nie na genl. Smuts „teruggekeer" nie, maar na dr. Malan. Mnr. Havenga het dus nie met genl. Smuts geskakel nie en dus ook nie dr. Van Rensburg nie.

Terwille van volledigheid haal ons ook dr. Malan se woorde te Piketberg aan (Die Burger 7 Feb. 1942):

**DIE „BEWYS"**

„Op Stellenbosch het ek verklaar dat daar 'n ketting gevorm word met versikkelende skakels. Die O.B. is een. Dit skakel met adv. Pirow. Adv. Pirow skakel weer met genl. Hertzog. Genl. Hertzog skakel met die Afrikanerparty **en die Afrikanerparty skakel met die Regeringsparty."**

Verander net die datum 1942 na 1949 en dr. Malan se stelling is, wat die laaste gedeelte betref, korrek, **maar dan skakel dr. Van Rensburg nie met genl. Smuts nie, maar met dr. Malan, wat tans aan die hoof van die regering staan.**

**Bogenoemde was die oorsprong van die „skakel"-skinderstorie teen dr. Van Rensburg.** Na die jare gegaan het, het die verbeelding egter ook geloop, en uiteindelik was die bewyse nie meer so naïf soos dié van die H.N.P.-leier nie, maar is nooitgenoemde „oggetuies" wat die skakeling dan op Irene sou gesien het, bygehaal om die stelling te versterk.

**£1,000-UITDAGING**

**Verlede jaar het die hoofkwartier van die Ossewabrandwag 'n vlugskrif versprei waarin £1,000 uitgeloof word aan enige persoon wat 'n ooggetuie kan bring wat kan bewys dat hy dr. Van Rensburg op Irene gesien het tydens die oorlog. Die O.B. wag nog steeds op die man wat sy £1,000 kom haal.**

Intussen het die storie sy nuutste gedaante gekry — dit verander mos soos die vrouens se modes. Die „New Look" daarvan is as volg (o.a. reeds opgemerk in Kaapstad en Burgersdorp):

**„NEW LOOK"**

Adv. C. R. Swart, Minister van Justisie, beskik oor dokumente **van die Smutsregering wat bewys dat dr. Van Rensburg met genl. Smuts sou geskakel het. Kort voor die algemene verkiesing het dieselfde dokumente glo bewys dat dr. Van Rensburg met Duitsland geskakel het en was genl. Smuts glo van plan om dr. Van Rensburg op aanklag van hoogverraad te verhoor en sodoende 'n „verkiesingbom" te los wat die H.N.P. ook sou tref indien hy met die O.B. saamwerk. Dit was 'n belangrike rede waarom nie met die O.B. saamgewerk moes word nie!**

In so ernstige lig het dr. Malan hierdie „verkiesingbom" beskou dat hy 'n persverklaring gedoen het waarin hy beloof het dat hy vir die O.B.-leiers om genade sou gaan pleit indien genl. Smuts tot 'n hoogverraadsaak sou oorgaan (Die Burger 15 Julie 1947).

Maar nou verneem die volk van die skindertonge dat hierdie dokumente nie skakeling met Duitsland bewys nie, maar met genl. Smuts!

**„GEKLIKE ONSIN" NOU 'N BEWYS**

Vir die skindertonge is Smutsdokumente nou ewe skielik 'n onweerlegbare bewys. Die volk moet nou aanvaar dat dr. Van Rensburg 'n skakel was net omdat hulle hoor dat soiets glo in **Smutsdokumente staan wat oorspronklik sou bewys het dat dr. Van Rensburg met Duitsland geskakel het.**

**Maar genl. Smuts self het in die parlement gesê dat „baie van die inligting geklike onsin was" en dat „die meeste daarvan gekry is uit Opposisie-nuusblaaie!"**

Die „skakelstorie" is dus natuurlik oorgeneem uit Die Burger van 28 Augustus 1941 en 7 Februarie 1942. Dit moet die skinderbekke nie vergeet om by te sê nie!

**ADV. SWART SE SEUN**

Maar adv. Swart self, wat glo nou oor die waardevolle inligting beskik dat die Smutsdokumente wat eers bewys het dat dr. Van Rensburg met Duitsland geskakel het en nou met genl. Smuts, het in die parlement aangetoon hoe „geklik" die Smutsinligting inderdaad was. **Hy het voorgelees hoe hierdie dokumente beweer het dat sy seuntjie van agt jaar O.B.-jeugkampe geïnspekteer het! Miskien sal adv. Swart, wanneer hy besluit om sy £1,000 by die O.B.-hoofkwartier te gaan haal, sommer daardie dokument oor sy seuntjie ook saambring. Daar kan dan 'n glasie geklink word op die ou vriendskap wat so gestand gehou is deur middel van die skakeling van sy seuntjie met die Ossewabrandwag!**

In elk geval die £1,000-beloning staan nog en dit geld ook vir min. Swart.

# BRITTE VERKIES BLYKBAAR NOG ROOI SPANJE


**Lede van die Konserwatiewe Party in die Britse Laerhuis beywer hulle tans om die regering te beweeg om Spanje ook toe te laat om lid te word van die Westerse Verdedigingsbond. Hiervoor is die Britse regering, wat hom oënskynlik laat lei deur linkse propaganda, nie bereid nie.**

Die Britse regering het ook die afgelope week te kenne gegee dat hy nie bereid sal wees om Franco se aansoek om lid van die V.V.O. te word, te steun nie, omdat Franco „'n twyfelagtige bate is".

Britse koerante was onlangs vol berigte dat 'n Duitse ondergrondse beweging, met 'n hoofkwartier in Madrid, besig is om Nazi's na Spanje te smokkel.


## Is Medisyne Noodsaaklik?

***Die Natuurwetenskap sê nee!***



**Die Bron van Siekte**

**BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETENSKAPLIKE METODES**
**Met Verbasende Uitslae**
**GEEN MEDISYNE!**
**GEEN OEFENINGE!**

**Die Hardnekkigste Kwale swig**

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoongemaak word van sy gif of onsuiwerhede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede in verband met u kwaal.

**THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE**
**Posbus 1336 — KAAPSTAD**



**BESTEL ALTYD ALLE**

- KANTOORBENODIGDHEDE
- KANTOORMEUBELS
- SKRYFBEHOEFTES

**BY**

**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**

Telefoon 2-7071 - Groote Kerkgebou - KAAPSTAD



**DIE KIESKEURIGE MAN**

**GAAN VIR SY KLERE NA**

Kotzé

*omdat hy weet dat hy waarde vir sy geld kry.*

**SO PAS 'N UITSTEKENDE SNYER VAN DIE VASTELAND IN DIENS GENEEM.**

**ADDERLEYSTRAAT 134 - KAAPSTAD**

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# BEWEER DAAR WAS „PARTYE" IN TVL.

**Hfkomdt. K. S. van Niekerk, Vierde Laan 64, Melville, skryf:**

Na aanleiding van 'n brief in Die Transvaler van mnr. Ras van Heidelberg, Transvaal, (31/1/49) waarin hy verwys het na die Transvaal en Vrystaatse Republieke wat Partyloos was, antwoord die redaksie van Die Transvaler met 'n verwysing na die uiteensetting 'n paar jaar gelede deur Die Transvaler dat daar wel partye in die Transvaalse Republiek was.

In 'n brief van my stel ek toe die vraag aan die redaksie van Die Transvaler wat die politieke partye se benaming was wat hy beweer wat wel bestaan het in die Republieke. Hier is die antwoord per brief persoonlik aan my deur die asst.-hoofredakteur:

„Graag verwys ons u na die volgende boeke: Historiese opstelle deur G. S. Preller en Politieke Groepering in die wordingsgeskiedenis van die Afrikaanse Volk, van dr. J. Abbert Coetzee. Daarin sal u vermeld kry dat in die Transvaalse Republiek die volgende twee partye bestaan het: De Verenigde Burgermacht en De Volksvereniging. Die lees van hierdie boeke sal u miskien laat besef hoe weinig die O.B.-leiers van ons Volk se geskiedenis weet."

Graag wil ek vra om deur middel van die O.B.-blad ons 'n uiteensetting hieromtrent te gee.

Ek hoop en vertrou u slaag daarin om dit vir ons baie duidelik te stel, sodat die puntjie ook kan verdwyn soos die pensioen-omkoopstorie.

**(Die doeltreffendste antwoord aan Die Transvaler sou wees om hom te vra wie van die twee sogenaamde „partye" — De Volksvereniging en De Burgermacht — die amptelike regering, en wie die amptelike opposisie in die Transvaalse Volksraad gevorm het na die verskillende verkiesings, en watter van die presidentskandidate onderskeidelik deur hierdie „partye" genomineer was. Hy sal nie in staat wees om dit te kan doen nie omdat hierdie „partye" geen erkenning binne die regeringstelsel van die land en dus binne die volksraad gehad het nie, en nòg Oom Paul nòg genl. Joubert hulle met hierdie organisasies wou vereenselwig het.**

Soos dr. Coetzee in die aanbevole boek duidelik aantoon, was sulke organisasies tot 'n groot mate die produk van nuwe inkomelinge, en het dit nie veel inslag by die ou bevolking gehad **nie omdat hulle die staat self as hul politieke organisasie beskou het** (bl. 237). Hierdie organisasies — hul name dui aan dat hulle geen „partye" was nie — se uitgesproke doel was dan ook nie om die regering te „opponeer" nie, **maar blykens hul konstitusies juis om „in de veranderde omstandigheden, waarin de Republiek tans verkeert, de Regering krachtdadiglyk by te staan en te ondersteunen in al hare handelingen die recht en billyk en overeenkomstig de Grondwet zyn."** (Art. 2b van die konstitusie van De Volksvereeniging, wat later herdoop is tot Volksmacht, **en juis die organisasie was wat by uitstek Joubert-gesind was, maar met wie genl. Joubert niks te doen wou gehad nie).**

Die doel van die organisasies was hoofsaaklik om 'n brug te vorm tussen die uitlanderbevolking en die ou burgers om sodoende „volkseenheid" te bewerkstellig. **Hulle kan dus hoegenaamd nie vergelyk word met politieke partye van die Britse parlementêre stelsel wat die grondslag vorm vir staatsbestuur nie.—RED.)**

## H.N.P.-Tak Doen Beroep op Malan

Die volgende besluit is geneem op 'n openbare vergadering van H.N.P.-lede op 5 deser op Broederstroom:

**„Dat hierdie openbare vergadering van die H.N.P.-lede 'n beleefde dog uiters dringende beroep doen op die leier van die H.N.P., dr. D. F. Malan, om onmiddellik samesprekings te hou met mnr. Havenga en dr. Van Rensburg om hulle samewerking te verseker vir die op hande synde provinsiale verkiesing, en verder dat hierdie vergadering aan die hand doen dat die drie leiers met die samespreking ooreenkom om 'n verdere samespreking te belê binne drie maande ná die verkiesing om alle struikelblokke tot algehele samewerking uit die weg te ruim; en dat as hulle daarin slaag, hulle binne ses maande vanaf die verkiesing 'n volkskongres sal oproep om tot hereniging te probeer geraak — die kongres te bestaan uit 'n gelyke aantal H.N.P.-lede aan die een kant en dieselfde aantal A.P.- en O.B.-lede aan die ander kant, onder gesamentlike voorsitterskap van een H.N.P.-lid en en een A.P.-of O.B.-lid.**

**Hierdie vergadering is deurdrenk van die oortuiging dat, met die oog op die naderende katastrofe, die Afrikanerdom en alle volksdele wat Suid-Afrika hulle tuiste maak, alleen gered kan word deur die onvoorwaardelike samewerking en hereniging, eerstens tussen Afrikaners en daarna al die ander groepe.**

Die sekretaris van die plaaslike H.N.P.-tak word versoek om hierdie besluit onmiddellik telegrafies of per pos aan die drie leiers en die pers te stuur en die leiers om 'n antwoord te vra."

Onderteken: D. J. Joubert, Voorsitter, D. J. Joubert, jr., Sekretaris.

Voorgestel: Johan Schoeman.
Gesekondeer: Andy Pretorius.

# Regering Oorweeg Nog: Rooi Gevaar Baie Ernstig

**Volgende op die berig in Die O.B. dat die regering allig nie van plan is om vanjaar wetgewing in te dien wat die Kommunistiese Party onwettig sal verklaar nie, het die Minister van Justisie verlede Woensdagaand die volksraad ingelig oor wat die regering van voorneme is om te doen.**

**Hy het verwys na die getuienis wat 'n spesiale kommissie ingewin het en gesê dat die Departement besig is om „grondig in te gaan op alle gesigspunte" en ook besig is „om planne te beraam vir die doeltreffende bekamping" van kommunisme.**

**Die Minister het daaraan toegevoeg dat hierdie optrede administratief of wetgewend kan wees, maar het nie aangetoon tot watter mate daar reeds opgetree is nie.**

### ERNSTIG

Die Kommissie uit die Departement van Justisie wat getuienis oor kommunisme moes inwin, het teen die einde van verlede jaar verslag gedoen. Hiervolgens blyk die bestryding van kommunisme „dringend, en kommunistiese bedrywighede kan rampspoedige gevolge nalaat tensy dit die onmiddellike en ernstige aandag van die owerheid geniet".

Die Kommissie het onder meer tot die volgende gevolgtrekkinge gekom:

Behalwe die bedrywighede van die Kommunistiese Party wat 'n sosialistiese republiek wil stig met volle stemreg vir blank en nie-blank sodat daar geen onderskeid gemaak word tussen ras en kleur nie, **bestaan daar ook 'n aantal organisasies wat onder ander name bekend staan maar hoofsaaklik bedrywig is om kommunistiese leerstellinge te propageer en onder beheer van die Kommunistiese Party staan.**

### SPRINGBOK LEGION

**So is vasgestel dat organisasies soos die Springbok Legion, Friends of the Soviet Union en The South African Society for Peace and Friendship with the U.S.S.R. beslis kommunistiesgesind is en beheer word. Daarby is ook 'n aantal Indiër-organisasies kommunisties.**

In die vakbonde is die toestand ook ernstig en aan sekere universiteite is daar reeds dosente en studente wat geesdriftige Kommuniste is.

Daar bestaan ook genoegsame rede om te vermoed dat kommunistiese bedrywighede in openbare en semi-staatsinrigtings aan die gang is.

### „VALS"

Berigte in Kommunistiese persorgane word as vals, misleidend, kwaadwillig en ondermynende bestempel.

Minister Swart het voorts aangekondig dat na die kommissie sy werk afgehandel het, daar ook ander kommunistiese organisasies onder die aandag gekom het. **Hulle is die Pan African Liberation Movement wat blanke oorheersing wil verwerp. Dit staan in verband met die Vierde Internasionale. Ook die New Bantu Union of Africa word as kommunisties beskou.**

## JOODSE LEIER VERSOEK PARTYLOOSHEID

**Die Joodse eerste Minister van Israel, Ben Gurion, het kort na sy verkiesingsoorwinning die mening uitgespreek dat politieke partye geen bestaansreg het in so 'n jong staat soos Israel nie.**

„Die gewone opvatting omtrent 'n Opposisie en sy heilsame uitwerking op 'n regering is nie geskik in die huidige omstandighede van ons jong staat nie," het hy gesê. „Kritiek deur die pers en openbare mening sal die beste metode wees vir die opbouende aanmoediging in verband met alles wat die regering doen of van plan is om te doen, maar daar is geen noodsaaklikheid vir enige party of partye om behep te wees met die opposisie-idee nie."

# KOMMUNISME OOK UIT PARTY-ARENA

**'n Beroep op alle lede van die parlement en landsburgers om die bestryding van kommunisme bokant die gewone party-politieke stryd te verhef en te verhoed dat die saak belaglik gemaak word, is Woensdagaand deur die Minister van Justisie, adv. C. R. Swart, gedoen. Dit is die tweede keer dat Kabinetslede hierdie sitting versoek dat 'n groot vraagstuk uit die „partypolitieke arena" gelig moet word.**

Die Minister het aanvanklik oor finansies gepraat, en toe hy aankondig dat hy eintlik opgestaan het om verklaring oor kommunisme te doen, is hy uitgejou deur die Opposisie wat probeer het om dit die gevaar van kommunisme belaglik voor te stel. Alleen die optrede van die Speaker sowel as 'n versoek van adv. Swart dat hy oor 'n „ernstige saak" wil praat, kon die lawaai laat bedaar.


Die Minister het verklaar: **„Waar die kommunisme vandag so 'n geweldige gevaar vir die hele wêreld en ons land is, betaam dit alle anti-kommunisties gesinde landsburgers om hierdie saak bokant die gewone partypolitieke stryd te verhef en dit gesamentlik en eendragtiglik die hoof te bied."** Hieraan het die Minister toegevoeg: **„Dit betaam die partye nie om oor hierdie saak rusie te maak nie. Die regering voel dat dit nie 'n partysaak is nie."**

Onmiddellik na sy aankondiging is steun aan die regering toegesê van V.P.-kant — 'n bewys van die valse toestand in die parlement.

### ONMAGTIG

Ook die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, het tydens bespreking van die wantroue-mosie in die regering 'n amendement ingedien (wat aanvaar is) dat die naturellevraagstuk uit die partypolitiek gelig moet word en dat alle partye, afgesien van hul geskille, die saak saam moet probeer oplos.

**Die O.B. verheug hom oor hierdie ontwikkeling, maar die vraag is: is die versoek dat die partystelsel oor groot vraagstukke opsy geskuif moet word, nie 'n erkenning van die onmag van die partystelsel om volksvraagstukke op te los nie? As die partypolitiek nie geskik is vir die oplossing van die naturellevraagstuk, en die bevegting van kommunisme nie, dan is dit ook nie geskik vir die oplossing van enige ander vraagstuk nie, maar is dit 'n meulsteen om die nek van die volk, aangesien daar onder die partystelsel OOR vraagstukke baklei word en nie SAAMGEWERK word vir die oplossing daarvan nie.**



Die Vriendelike Sigaret
Hoe aangenaam is dit tog om te sien dat die perd van u keuse gewen het; om dan te ontspan en die aangename, koel smaak van 'n Kommando-sigaret te geniet.
Om elke genot af te rond, rook
Kommando
,In die Stad Rond'


PAKKIES VAN 10, 20 EN 50 MET OF SONDER KURK
GI-1169

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

**BOERMEEL**

Boermeel op ons bekende steen-meule gemaal 23/4 plus bankkommissie per 100 pond sak k.m.b. **Mission Store, Elim, K.P.** 12/1/TK.

**BOME PLANTE EN SAAD**

**Goewermentsgesertifiseerde Groentesaad:** Chantenay Wortels, 10/- Detroit Beet, 5/6. **Skorsies:** Klein Gem, 8/-; Lang Wit Bos, 8/6; Hubbard Groen, 8/6; Pasteipapoentjie, 8/-; Tom Watson en Wonder Waatlemoen, 12/-; Blaarslaai, 17/6; Marblobe Tamatiesaad, 35/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool, 16/-; Spitzkopkool, 8/- per pond. Posvry. K.M.B. — **PREMIERS, P.K. Schoemanshoek.**

**GROENTESAAD EN UIESAAD:** Vars en goewerments gesertifiseerd. Chantenay 6/6, Detroit en Egiptiese Plat Beet 5/6, Greenfeast Saaderte, 1/-, Vroeë Kaapse Plat Ui, Australiese Bruin Ui, Copper King en Kaapse Strooi, almal 8/- lb. Posvry. Handelsnavrae verwelkom. — **Konga Saadkwekers,** Posbus 107, **Oudtshoorn.** 16/2/TK

**MEDISYNE**

ANTIGRYS kunsmatige haar, kopvel voeding. Herstel gryshare binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 per bottel posvry. Kontant met bestelling. Behandel alle siektes. — **Die Boerevrou,** Posbus 7559, Johannesburg. 27/10 Nr.(2)

**MEUBELS**

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

**RADIO**

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

Vir die beste en duidelikste luidsprekerdienste op enige plek, asook vir versterkers, luidsprekers, mikrofone en parte — groot en kleinhandel — skryf aan: **P. D. SMUTS RADIO (EIENS.) BPK.,** Hoofstraat 287, Paarl. Foon 755. 15/9/48

**TE KOOP**

**GEDROOGDE VRUGTE.** — Barrymerk gedroogde vrugte posgeld betaald in Unie, in 5 en 10 pond-kissies. Appelringe 3-Diamant, 2/1; Perskes, 3-Diamant, 2/1; Pere, 3-Diamant, 2/1; Vye, 4-Diamant, 2/3; Pruimedante, 50/60, 1/8½; Rosyne, 3-Diamant. 10½d.; Tros-Rosyne, 4-Diamant, 1/3; Okkerneute, 2/3; Amandels, 1/9; per pond. Volledige Pryslys verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

**GESUIKERDE VRUGTE.** — Barrymerk gesuikerde vrugte, 8/6 per ses 1 pond-pakkies of 6/3 per 5 pondkissie, posgeld betaald in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesuikerde en gedroogde vrugte ten behoewe van kliënte aan vriende oorsee. Verdere besonderhede verkrygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

**TE KOOP**

**PLAAS TE KOOP — 2,000 MORGE:** Op grens van Uniondale en Willowmore pragtige water plaas uitmuntend vir bome, lusern, saaiery, plantery; vir vee, beeste en perde teel; plaas is beplant met omtrent 2,000 verskillende soorte vrugtebome en duisende kan nog aangeplant word. Volop water—vaste lopende water, geen beurte. Groot populierbos en groot doornvlei op plaas.

Plaas is twee kante met proef en twee kante stock proef omhein.

1 groot woonhuis: 9 vertrekke.
1 groot woonhuis: 6 vertrekke.
1 groot waenhuis geskik vir 4 karre.

Vir verdere besonderhede tree in verbinding met **L. S., Poskantoor De Vlakte,** Oor Willowmore. 9/2/3

**SOUT**

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter,** Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 19/1/TK

**STEENMAAKMASJIENE.** — „Kleine Wonder" vir die maak van standaard grootte sementstene van 9 dm. x 4 5/16 dm. x 3 dm. teen £30, of £20 sonder voetstuk. Luukse modelle teen £5 ekstra. V.o.s. Hopefieldstasie. Handelsnavrae word verwelkom. Om besonderhede en illustrasies skryf aan: **Kleine Wonder Steenmasjiene (S.A.) Agentskappe,** Posbus 18, Hopefield, K.P. 18/8/T.K.

● ***Hulle wat in ons blad adverteer, het die eerste aanspraak op ons geld!***

# MAJUBA

**27 FEBRUARIE 1881**

**(Deur Boereseun A. Viljoen, Paarl)**

1.

*Die Berg van die Boer en Trekker ineen,*
*Die Berg van ons durf en ons dade daarteen,*
*Jou het ons lief, jou bemin ons soos geen . . .*
*MAJUBA, ons hoop!*
*Daar sal die grysaard, die jongeling en kind*
*Vrede en rus in jou sterk vesting vind.*
*Kakies wat storm, die vlug soos die wind . . .*
*Weg van die dood.*

2.

*Donder en blits oor die bergtoppe nou!*
*Kleingeweervuur in die môre se grou!*
*Bomme wat suis oor die blinkende dou!*
*Vader . . . . U seën.*
*Op teen die berg, oor klippe en rand,*
*Veg vir ons Vryheid, vir dierbare land!*
*Bloed is vergiet vir ons kosbare pand,*
*Oorwinnnig verleen.*

3.

*Sal ons nie veg vir ons Volk en ons Taal?*
*Sal ons nie stry vir die Roem reeds behaal?*
*MAJUBA, ons hoop, ons mag nie nou faal!*
*Kom, wees bereid!*
*Na die oorwinning kom droefheid en vreug,*
*Dit was 'n slag wat ons lank nog sal heug,*
*Ons sal onthou, maar . . . herinner die Jeug:*
*Daar wag nog stryd!*

4.

*Ossewabrandwag, staan vas vir die Volk!*
*Elke gevaar wat ons hemel bewolk*
*moet ons oorwin, want . . MAJUBA vertolk:*
*Vryheid en Vreug!*
*Die oproep klop reeds aan elkeen se ruit,*
*Dit strek van die Noorde en raak reeds die Suid,*
*Oor MAJUBABERG's kruin klink stadig maar luid:*
*Staan vas BOEREJEUG!*

# VOLKSEIE STELSEL

(vervolg van bladsy 4)

die „laerhuis" nl. die Tweede Volksraad.

**VOLKSMANNE**

**Teen die mure het nie die portrette van die koning en koningin van Engeland gehang nie, maar die portrette van die Voormanne. So kan op die portret duidelik die portret van Andries Pretorius en ook van Paul Kruger en Piet Joubert (langs mekaar) onderskei word.**

**Dit is ook simbolies van die eie Suid-Afrikaanse stelsel. Die twee opponente met die presidentsverkiesings het mekaar nie gedurig geopponeer en die volk verdeel nie. Wanneer dit nie verkiesing is nie, werk hulle hartlik saam in die Uitvoerende Raad, en hulle portrette hang langs mekaar in die Volksraadsaal — geëerd deur die hele vergadering.**

**EIE TRADISIE**

Dit is seker nou duidelik dat indien 'n nuwe gebou vir die wetgewende liggaam in Pretoria opgerig word, die eie Suid-Afrikaanse tradisie wat vantevore in Pretoria tot openbaring gekom het, weer voortgesit moet word — nie net terwille van die tradisie as sodanig nie — maar elke land het nou eenmaal die stelsel wat die beste by hom pas. **Deur terug te keer tot ons eie stelsel, en ons eie soort vergadersale volgens eie Suid-Afrikaanse model, kan ons vir onsself net voordeel besorg — stoflik sowel as geestelik.**

Soos reeds aangedui, sal die Parlementsgebou in Kaapstad te klein word — indien dit nie reeds al die geval is nie. Wanneer is die beste tyd om weer nuut te begin te Pretoria?

**DIE DATUM**

**In 1952 vier ons die 300ste verjaardag van Jan van Riebeeck. In 1952 sal dit presies 100 jaar wees dat die Sandrivierkonvensie onderteken is. Is dit nie ook belangrik nie? En in 1952 sal dit 50 jaar wees dat die Vrede van Vereeniging onderteken is.**

Die Jode het hulle staat 2,000 jaar lank onthou, en hulle het dit nou weer gekry.

**En ons, kan ons ons staat nie eers 50 jaar lank onthou nie?**

**WAPENS EN AMMUNISIE**
**van alle soorte**
Groot voorraad .22-Gewere
★
**Manie de Villiers,**
**Plaza-Toiletsalon,**
**Voortrekkerweg 102A - PAROW**
**Telefoon 98-9161**
28/8/TK

A.V.B.O.B.
**Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars**
**Bloemfontein — Pretoria**
**154 Takke**

**PLUIMVEE**
**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**
**C. M. ELOFF EN KIE.**
**(Edms.) Bpk.**
**MÔREMARK (Posbus 7185) Newtown**

**DAMESHOEDE,**
***modieus en deftig,***
**by**
Steyns
**Die Modewinkel**
**PAROW**

# Partye Nog Steeds In Oorlog Oor Saak Wat Aangepak Word „Buite Partypolitiek'

**Onderstaande berig van Die Burger se parlementêre verslaggewer in die blad se uitgawe van 16 Februarie toon hoe die twee partye in die parlement nog steeds teen mekaar maneuvreer oor die naturellevraagstuk ten spyte van die vooruitsig wat daar bestaan om die vraagstuk bo die partypolitiek aan te pak. Dit skep die indruk of voorstelle vir samewerking hoofsaaklik gedoen word om die ander party te laat „struikel". (Kyk ook ons hoofartikel).**

„Ten gevolge van 'n besluit wat die Sap-party onlangs met 'n meerderheidstem afgedwing het, het die Senaat vanmiddag om halfdrie sy werksaamhede hervat. Om vyf minute oor vyf wat dit egter 'n lid van dieselfde Sap-party wat die verdaging voorgestel het van 'n debat oor die naturelle-vraagstuk.

**„Die skielike verdaging vir die dag is toe te skryf aan die amendement wat die Regeringsparty ingedien het en wat die Opposisie ongeveer in dieselfde benarde posisie geplaas het as hul kollegas in die onlangse wantroue-debat in die Volksraad.**

„Sen. Brookes, Naturelle-verteenwoordiger en liberalis, het sy voorstel ingedien oor die verhoudinge tussen blank en nie-blank wat aansienlik sou verswak het ten gevolge van die Regering se kleurbeleid.

„Dit was 'n voorstel wat so reg-reg in die kraam van die Verenigde Party pas, en as alles volgens Sap-plan verloop het, sou daar natuurlik sonder meer van hulle kant volle steun aan dr. Brookes se voorstel verleen kon word.

**„SKEEF GELOOP"**

**„Van Regeringskant het dr. H. F. Verwoerd sake vir die Sappe egter skeef laat loop. Hy het 'n amendement voorgestel waarin die Senaat die mening moet uitspreek dat die geleentheid nou daar is om die verhoudinge tussen blank en nie-blank deur die toepassing van die apartheidsbeleid te verbeter, en dat die Senaat sy samewerking toesê aan die kommissie wat die naturellevraagstuk buitekant die partypolitiek moet ondersoek.**

„Die ‚slegte' verhoudinge waaroor dr. Brookes sy gewone peil van welsprekendheid bereik het, het egter ontstaan lank voordat die Nasionale Party die regering oorgeneem het. (Van die A.P. word nie melding gemaak nie.—Red. O.B.). Dit is 'n erflating van die V.P.-bewind, en daarby het nou gekom al die moedswillige propaganda.

„Dit was een van die sterk argumente van dr. Verwoerd se **aanvallende toespraak** waarin hy deur sen. P. W. le Roux van Niekerk gesteun is.

**„KANS GEGEE"**

**„Die Sappe wat so haastig was om die Senaat vandag al te laat byeenkom, was dadelik in die moeilikheid. Tot in daardie stadium het die twee Naturelle-verteenwoordigers en twee Nasionaliste gepraat. Dit was tyd dat 'n woordvoerder van die Sap-party opstaan. Dit het sen. M. J. van Breda gedoen, dog nie om te praat nie, maar om die debat te laat verdaag.**

**„Dit gee die Senaat se Sappe kans om te besluit hoe hulle sen. Brookes se voorstel en sen. Verwoerd se amendement moet deurtrap sonder om in die proses te struikel."**

● **Hy wat in „Die O.B." adverteer is werd om ondersteun te word!**




DIS byna drie-uur in die môre en dit reën dat dit giet. 'n Sein langs die lyn deurdring die nagtelike duister en die Patrolman weet dat die nagtrein oor 'n paar minute verby sal gaan.

Dis aan hom opgedra om die baanvak veilig en skoon te hou. Hy weet ewenwel dat as die nagtrein verbysnel en hy met 'n flits van sy lamp goeienagsê, daar net in antwoord daarop 'n vriendelike teengroet van die kant van die treinpersoneel sal volg. Hulle sal weet dat alles in die haak is.

Die passasiers slaap gerus. Geeneen van hulle weet selfs dat daar so 'n Patrolman bestaan nie, en slegs weinige is bewus dat daar nog baie soos hy is wat dag en nag 'n wakende oog op die lyn hou . . . wat werk terwyl ons slaap . . . en wat voortdurend besig is om die uitrusting langs die 14,000 myl van ons Spoorweë sorgvuldig na te gaan en te toets, sodat reise per spoor deur die lengte en breedte van die land op die veiligste en gerieflikste wyse, en dit met die grootste betroubaarheid, afgelê kan word.

S.A.S

**SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË**

DIE Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 23 FEBRUARIE 1949.

# VRYHEIDSDAG

Op 27 Februarie 1949 sal ons vir die agste keer Vryheidsdag vier. Op daardie dag sal dit presies 68 jaar gelede wees dat genl. Piet Joubert, aan die hoof van die Boeremagte, die oorwinning behaal het oor die Engelse mag, by die berg Amajuba. Dit is ook die rede waarom ons hierdie gedenkwaardige dag VRYHEIDSDAG noem.

Vryheidsdag voer ons gedagtes terug na die baie Afrikaner-helde wat langs ons vryheidspad geval het, maar dit neem ook ons gedagtes vooruit na die toekoms. 'n Toekoms wat baie donker is. In die verlede is daar dikwels op die kommunistiese gevaar en ander dinge wat ons toekoms duister maak, gedink. Laat ons vanjaar 'n blik werp op 'n ander gevaar wat 'n groot gedeelte van ons mede-Afrikaners bedreig, nl. verarming.

In baie van ons groot stede en dorpe woon daar huisgesinne wat nie so bevoorreg soos ons is nie. Hulle kom nie in aanraking met ander mense soos ons nie. In die meeste gevalle is dit die kindertjies wat daaronder ly. Hulle ly aan ondervoeding en in baie gevalle is hulle kleertjies nie so mooi en goed soos ons klere nie. Hulle kan nie so 'n goeie opvoeding as ons geniet nie omdat geldelike omstandighede dit vir hulle onmoontlik maak. Baie van ons sogenaamde „gegoedes" verafsku hulle en mettertyd ontwikkel hulle 'n minderwaardigheids-kompleks.

As ons daaroor nadink dan kom ons tot die slotsom dat hulle tog maar net sulke Afrikaner-seuns en -dogters as ons is wat deur dieselfde God geskape is. Waarom vermy ons hulle dan? Sal dit nie beter wees as ons met hulle vriende maak en hulle probeer help nie. Ons kan vir hulle moed in praat wat hulle so nodig het. Ja, daar is so baie maniere waarop ons hulle kan help.

Boerejeug, moenie dat ons ons mede-Afrikaner agterlaat in die drang om self vooruit te kom nie. Probeer daardie swakkere saamtrek na die hoër dinge in die lewe waarna ons almal streef! Alleen dan sal ons waarlik VRYHEIDSDAG kan vier as ons weet dat ons mede-Afrikaner-broer en -suster ook van daardie dinge bevry is.

Laat 1949 se Vryheidsdag ons erns wees, laat dit 'n mylpaal in ons Beorejeug-geskiedenis wees omdat ons besef dat daar ander Afrikaners is wat ons moet help en gaan help.

## Vaalpense, Woltone, Kaaplanders!!! Waar is julle?

Ja, ons vra nogeens, waar is julle? Wat word van al julle nuus? Ons weet dat almal van julle kliphard werk vir Vryheidsdag en die laertrekking by die Voortrekkermonument aan die einde van die jaar. Waarom skryf julle nie aan ons en vertel wat julle doen nie, of dink julle dat ons nie ook nuuskierig is nie? Pos die beriggie van daardie funksie of laertrekking wat julle gehou het of skryf aan ons wat julle doen vir die Monument-laertrekking na DIE BOEREJEUG-REDAKSIE, Posbus 1411, KAAPSTAD sodat ander Boerejeug-lede ook kan lees wat julle doen. Kom ons kyk watter Boerejeug-afdeling eerste is met sy nuus!

## Steyn-Geskenk kom Terug

Die silwer messegoed wat wyle pres. M. T. Steyn vyftig jaar gelede aan mev. Steyn geskenk het, sal wanneer sy haar 84e verjaardag herdenk, weer aan haar terug besorg word.

Tydens die Engelse-oorlog was sy verplig om die silwer eetgerei van 700 stukke te verkoop. Tans is dit deur bemiddeling van mnr. N. C. Havenga teruggevind. Dit blyk dat die messegoed, nadat dit 'n tyd lank in Engeland was, aangekoop is vir die Goewerneur-generaal se huis in Kaapstad. Tans is daar nog net 275 stukke oor. Op elkeen is die letter S gegraveer.

## „HIERVAN EN DAARVAN"

### Vryheidsdag In Die Paarl

Op die 5de Maart word Vryheidsdag in die Paarl gevier. Die Boerejeug van die Boland moet almal daar teenwoordig wees. Onthou net om die volgende saam te bring: vleis of wors en toebroodjies, 'n stukkie hout vir die Vryheidsvuur en 'n fakkel want die Boerejeug gaan deelneem aan 'n Fakkelloop. Die funksie begin om 5-uur n.m.

### Volkspele Te Goodwood

Op 24 Februarie word daar weer volkspele te Goodwood gehou. Die Boerejeug van die Skier-eiland, hul ouers en O.B.-vriende is hartlik welkom. Die funksie begin om 8-uur n.m. in die Kerksaal.

### Dinee In Kaapstad

Vanaf 7-uur nm. op Vrydagaand, 25 Februarie kan u 'n heerlike ete kom geniet in die Komiteekamer van die Groote Kerkgebou. Die kaartjies kos 3/- vir grootmense en 1/6 vir kinders. Almal is hartlik welkom. Later in die aand sal daar volkspele gespeel word.

### Verjaardagketting

Vanaf die 20ste April gaan ons weer die verjaardagketting publiseer. Boerejeug-lede wat verlang dat hulle name in die verjaardagketting moet verskyn moet sorg dat ons hulle name en adresse voor of op 11 April ontvang. Pos die briewe aan: DIE BOEREJEUG-REDAKSIE, Posbus 1411, KAAPSTAD.

# BELLVILLE BEDRYWIG GEDURENDE 1948

Die Boerejeug van Bellville (J/A2b4/9) het in die afgelope jaar fluks gewerk en het probeer om elke Saterdag bymekaar te kom, by welke geleenthede hulle besig gehou is met gipswerk, sein, naaldwerk, solderwerk vir die seuns, oefening van vlagparades en spoorsny.

Heelwat uitstappies is gereël o.a. na die museum, akwarium, kasteel en ander plekke van belang. Verskeie plaaslike laertrekkings is goed bygewoon.

Net voor Fondsdag het hulle 'n geslaagde ete- en volkspeleaand gehou waarop die mooi bedrag van £20 ingesamel is. Die ondersteuning van die kant van die publiek was uitstekend.

Kort voor Kersfees is 'n gesamentlike Kampvuur vir die hele Generaalskap gehou te Parow. Hierdie funksie was gehou in die plek van die jaarlikse Kersfeesboom en die Boerejeug en talle ouers wat teenwoordig was, het dit terdeë geniet.

Gedurende die laaste week van die skoolkwartaal het die kommando 'n afskeidsaandjie vir die jaar aan die huis van mev. Malan gereël by welke geleentheid die bekers vir die seun en dogter wat die beste presteer het, nl. Elria en André Malan, deur Kommandante Retief oorhandig is. Ongelukkig moes daar toe ook van hierdie twee flukse Boerejeug-lede afskeid geneem word maar ons weet dat hulle hul gewig sal ingooi waar hulle gaan.

Gedurende die eerste week van die skoolvakansie het sommige van ons Boerejeug-lede die Laertrekking te Franschhoek bygewoon.

Met die oog op die feit dat daar 'n moontlikheid bestaan dat ons in die nabye toekoms 'n bymekaarkomplek sal hê, hoop ons dat ons lekker sal werk in die jaar wat voorlê, veral met die oog op die Boerejeug Monumenttrek in Desember 1949, waarheen ons Boerejeug-lede op Boerejeug-onkoste wil stuur!



**Boereseun en -dogter in drag. Besit u al een? Bestel dit dadelik van: Boerejeug-hoofkwartier, Posbus 1059, Pretoria. Die volledige uniform van die seuns kos £4 12s. 6d. terwyl afbeeldings van die dogters ook van bogenoemde adres verkry kan word.**

# BRIEWE-KOLOM

Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Beste Maats,

Hierdie keer het ons darem meer briewe ontvang. Blykbaar raak ons nou eers ontslae van die vakansie-gees. Ons hoop dat dit ook die ander lesers sal aansteek sodat ons sommer pakke briewe in die volgende uitgawe kan beantwoord. Onthou net om in die toekoms al jul briefies aan die REDAKSIE, DIE BOEREJEUG, POSBUS 1411, KAAPSTAD, te stuur.

Anna Terblanché en Stoffelina Pieters is albei 16 jaar oud en wil graag met maats korrespondeer. ANNA TERBLANCHE se adres is Tussenkomst 448, Privaatsak 1023, Rustenburg, Tvl. Sy wil graag met seuns en dogters van 15 jaar en ouer korrespondeer. STOFFELINA PIETERS se adres is Hillside, Posbus 1, Tweeling, Ovs.

Baie dankie vir julle briefies, maats, ons hoop dat julle sommer baie penmaats sal kry.

Boereseuns en -dogters kan ook aan Pans Taljaard, Gertrudestraat 3, GOODWOOD, K.P. skryf. Hy is 18 jaar oud en skryf graag.

Boerejeug-lede wat met maats in Nederland wil korrespondeer kan hulle name en adresse aan ons stuur, aangesien DIE O.B. ook daarheen gestuur word.

JEUGVELDKORNET, baie dankie vir u brief waarin u vra om wenke in verband met interessante Boerejeug-werkprogramme. Ons raai u aan om in te teken op VUURSLAG waarin daar elke maand 'n baie goeie werk-program gepubliseer word. Die adres is Posbus 1059, Pretoria en die intekengeld 3/6 per jaar.

Boerejeug-groete,
REDAKSIE.
DIE BOEREJEUG.

# BOEREJEUG-OPLEIDING









**Elke Boerejeug-lid wat 'n laertrek bygewoon het kan daarvan getuig dat die verblyf in die laer een van die aangenaamste periodes in sy lewe was. Dit is egter nie 'n plek waar daar net rondgelê word nie, maar daar word besondere aandag geskenk aan die opleiding van die jeug. Meegaande foto's van 'n onlangse Boerejeuglaer in Transvaal werp 'n blik op wat in so 'n kamp aangaan. Links bo is 'n laerganger besig om 'n boodskap met vlae te sein terwyl 'n offisier regs besig is met 'n lesing. Onder links: Boeredogters besig om die middagete voor te berei terwyl hongerige laergangers (regs) aantree om hulle kos te ontvang.**

# K.G. OOR ONTAARDING

(vervolg van bladsy 1)

**het gehoop dat dit die afsluiting sou wees van die broedertwis-kapittel.**

Toe kom die algemene verkiesing van 1948 en daar het iets gebeur wat alle hoop vir samewerking vernietig het. Onder die elf setels wat aan die A.P. toegeken is, was twee stedelike kiesafdelings — Brakpan en Roodepoort. Al die kandidate is deur mnr. Havenga self genomineer. Hy het ook mnr. John Vorster en mnr. Louis Bootha benoem, maar **teen hierdie twee persone, teen wie se karakter niks ingebring kan word nie, het die H.N.P. dadelik beswaar gemaak op grond van die feit dat hulle O.B.-lede is.** Dit was vir spr. 'n baie groot skok.

Hierdie veto deur die H.N.P. is deur spr. op Stellenbosch aangekondig. Daarop het 'n lang verklaring gevolg waarin dr. Malan beduie het dat hy homself geen veto toegeken of so 'n reg uitgeoefen het nie.

### WEET NOU WIE HET GEVETO

**Sedertdien het hierdie veto weer plaasgevind en het die masker ook afgeval. Die Transvaler (H.N.P.-orgaan) van 10 Desember 1948 het onder groot opskrif geskryf: „H.N.P. WEIER O.B.-KANDIDATE."**

**Niemand het hierna getwyfel wie vir John Vorster geveto het nie.**

Mense het spr. kwalik geneem omdat hy toe gesê het dat dr. Malan liewer die O.B. uit die parlement wil hou as Sappe. **Kort hierna het die huidige minister Ben Schoeman en destyds voorsitter van die Randse H.N.P., aan mnr. Vorster, wat toe onafhanklik gestaan het, self verklaar dat hy eerder vir mnr. Trollip (die V.P.-kandidaat) in die parlement sien as vir mnr. Vorster. U kan hierdie feite kontroleer deur aan mnr. Vorster self te skryf, het die K.G. gesê.**

Die Ossewabrandwag in Wes-Kaapland het daarna besluit dat hulle nie sal stem nie voordat hierdie saak nie in orde gebring is nie, **maar spr. het gemeen om 'n uitweg te vind deur plaaslike vredes te sluit waar kandidate onderneem om die diskriminasie teen die O.B. af te lê. Die eerste plek wat vrede gesluit het was Rustenburg en die O.B. ter plase het hom in die stryd gewerp. Hierna het dertig-veertig H.N.P.-kandidate en besture erewoordelik sodanige ondernemings teen die O.B. gegee en tot vanaand toe het nie een van die kandidate (tans L.V.'s) hul woord nagekom deur op hul kongresse of in die operbaar beswaar te maak teen die diskriminasie nie — selfs nie toe mnr. Max Smuts as A.P.-kandidaat in die Paarl en mnr. Machiel Eloff, A.P.-kandidaat te Ventersdorp, geveto is omdat hulle ook O.B.-lede is nie, en dit nadat hierdie twee manne hul woord in Mei 1948 nagekom en mense aangebring het stembus toe!**

**Dit het vir die Ossewabrandwag getoon dat die stryd tot die bodem toe sal gaan en dat hulle sal aanhou totdat hulle meen die O.B. vernietig is.**

### „RED!" „VETO!"

Keer op keer is die spies teen die O.B. gekeer. Elke keer ontbrand die kreet: red blank Suid-Afrika, maar intussen word mede-Afrikaners geveto. Niemand hoef te vra watter soort Afrikaner Max Smuts en Machiel Eloff is nie. Tydens die algemene verkiesing het mnr. P. Hugo, L.V., mnr. Smuts versoek om te help en hulle het saam vergaderings toegespreek. **Vir die oorwinning van mnr. Hugo was hy onmisbaar.** Ook mnr. Eloff, wat onder-voorsitter is van die Transvaalse Landbou-unie, het mnr. Jan Wilkens, L.V., tydens die verkiesing gehelp nadat laasgenoemde vrede gesluit het, maar ook hy is geveto.

**„Op hierdie manier het ons tot die oortuiging gekom dat die kreet oor blank Suid-Afrika nie opreg bedoel word nie, maar dat dit bloot 'n pratypolitieke slagkreet is. As blank Suid-Afrika in gevaar is, dan het geen blanke die reg om sy lyf weg te steek nie. Maar dan het niemand — nie dr. Malan of enigeen — ook die reg om mede-Afrikaners te belet om hul plig te doen nie. Ons is moeg vir hierdie dinge en die swaard wat altyd net na een kant toe sny," het die K.G. onder oorweldigende toejuiging verklaar.**

### WAAROM?

Waarom gebeur al hierdie dinge? Die rede vir die H.N.P. se jongste optrede — hul veto van O.B.-lede binne die A.P. en daarom ook teen die Afrikanerparty — is omdat hulle meen dat hulle 'n fout gemaak het om 'n bondgenootskap aan te gaan omdat hulle meen dat hulle sterk genoeg is om alleen te veg. Daarom wil hulle nou alleen loop.

**Van die provinsiale verkiesing moet 'n proefneming gemaak word om te kyk of hulle sterk genoeg is. As die toets misluk, dan sal daar weer op die bondgenoot terug geval word en dan sal die duiwe weer koer. M.a.w. die doel van die provinsiale verkiesing is om te kyk of samewerking met mede-Afrikaners nodig is. En as daar gevind word dat hulle ander Afrikaners nie nodig het nie, dan sal die broederstryd voortgesit word.**

**„As hulle dan alleen wil regeer, kan hulle alleen veg. Ons sal nie in hulle pad staan nie. Dit is ons houding en ons sal hulle nie in die wiele ry nie. Ons volg m.a.w. dieselfde beleid as mnr. Havenga en die Afrikanerparty. Ons wil hulle nie saboteer in hul proefneming nie.**

**„Na wat met mnr. Max Smuts, mnr. M. Eloff en mnr. F. Robertson gebeur het, is dit vir my onmoontlik om met behoud van enige druppel selfrespek vir mense te stem wat hulle dit aangedoen het. Ek sal hierdie kamerade in die steek laat as ek gaan stem."**

### BESOEDELING

Ten slotte het dr. Van Rensburg verwys na die besoedeling van ons volksmoraal — 'n ding wat baie swaarder weeg as 153 setels. 'n Volk kan nie met haat-opsweping bestaan nie! Hy dink o.a. aan die Kosa-pamflet wat vir die kandidatuur van dr. P. J. Schoeman, nasionale kandidaat, uitgegee is waarin Kosa-naturelle opgesweep word teen die Engelssprekendes — **teen mede-blankes in 'n stryd om behoud van blank Suid-Afrika!** Daar is verder die skinderveldtog wat in die boesem van ons volk gelos word. Gedurig word die volk opgesweep en met haat vervul teen mede-Afrikaners deur belastering van hul karakter. **Maar dan kry ons ook die verskynsel dat openbare persone vanaf 'n openbare verhoog hul erewoord kan gee en dan in gebreke bly om dit na te kom. Dit beteken dat die erewoord geen betekenis meer in die openbare lewe het nie en dat die eerbaarheid en fatsoenlikheid van ons volk deur die modder gesleep word. So by voorbeeld sit die O.B. vandag met 30-40 waardelose I.O.U.'s van openbare persone in sy sak.**

As ons volk geleer word dat sy openbare manne geen verpligting het om hul erewoord te hou nie, dan word daar gevreet aan die sedepeil van die volk, en dit gaan veel dieper as die verlies van 'n setel.

(Verantwoordelikheid vir alle politieke berigte en kommentaar in hierdie uitgawe word, tensy anders vermeld, aanvaar deur N. G. S. van der Walt, Groote Kerk-gebou 703, Kaapstad.)

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

## £1,250 Geskenk

**Ongeveer £1,250 is deur offisiere uit hul eie sakke geskenk vir propaganda-doeleindes op die laertrek verlede Saterdag op Wellington in gevolge 'n oproep van die voorsitter, hfgenl. P. R. Retief, wat self £100 geskenk het. Ander honderdponders was geberdsgenl. dr. F. D. du T. van Zyl en hfgenl. W. P. Burger. 'n Volledige lys van die donateurs sal in ons volgende uitgawe verskyn.**

## Oos-Kaapland Sal Nie Stem

**Die hoofoffisiere van Gebied B (Oos-Kaapland) het op 17 Februarie op Cradock vergader om die politieke toestand in oënskou te neem. Na besprekings is eenparig besluit om hoegenaamd geen deelname aan die verkiesing te hê nie en dat die verkiesing beskou moet word as 'n blote H.N.P.-verkiesing. Die offisiere het ook hulle sterkste afkeuring uitgespreek oor die gemene aanvalle op die Kommandant-generaal en die Ossewabrandwag in die partypers deur middel van naamlose briewe.**

**Die K.G., dr. Hans van Rensburg, het die offisiere toegespreek en hulle ingelig oor die politieke gebeure van die afgelope maande.**

(Berig: P. M. du Plessis, Sanlamgebou, Cradock)

Mnr. J. H. Theron, komdt. A11b2, Merweville, is vir 'n maand in die Volkshospitaal vir behandeling. In sy plek is mnr. Kosie Erasmus, Rietvlei, Merweville.



**OFFISIERE VAN NOORD-TRANSVAAL: 'n Blik op 'n gedeelte van die 250 hoof-offisiere van Gebied F wat op 5 Februarie in Pretoria byeengekom het en die leiding van die Grootraad met geweldige geesdrif en eenstemmigheid aanvaar het.**

# SELDSAME GEESDRIF OP OFFISIERSLAER

**Onder voorsitterskap van hoofgenl. P. R. Retief, en na opening met gebed deur dr. J. H. J. Greyvenstein, is een van die geesdriftigste laertrekke van Wes-Kaaplandse offisiere verlede Saterdag in die Wellingtonse stadsaal gehou. Meer as vierhonderd offisiere, wat alle kommando's tot in die verre Noordweste verteenwoordig het, was teenwoordig. Die geesdrif word weerspieël uit die feit dat hierdie offisiere uit hul eie sak na 'n oproep van die voorsitter om fondse vir propagandadoeleindes, binne korte tyd £1,250 op die tafel gehad het.**

Die belangrikste punt van bespreking was die houding van die Ossewabrandwag in die provinsiale verkiesing. Die uiteensetting van die K.G. is met groot akklamasie ontvang, en sy toespraak op die openbare vergadering die aand, soos elders in ons blad weergegee, kan beskou word as 'n weergawe van die standpunt van die offisiere.

Verskillende verslae is ingedien. Die Boerejeug-hoofkommandant, mnr. Ben Pienaar, het verslag gedoen van die Boerejeug en o.a. gemeld dat die Boerejeug in die Gebied met etlike honderde uitgebrei het die afgelope jaar.

**Die Adjunk-K.G., genl. Smith, het na aanleiding van die skinderveldtog teen die K.G. gevra dat offisiere, waar hulle 'n skinderbek teenkom, getuies moet kry sodat 'n voorbeeld van hom gemaak kan word.**

Verslag is verder gedoen deur die Gebiedsleier, dr. Van Zyl, en die Voorligtingsoffisier, genl. W. R. Laubscher.

# K.G. Herkies As Leier

**Op 'n baie geesdriftige offisierslaer van Wes-Kaapland (Gebied A) verlede Saterdag op Wellington, is dr. Hans van Rensburg onder langdurige toejuiging heraangestel as Kommandant-generaal nadat offisiere van al die provinsies hom in die afgelope paar weke op 'n reeks laertrekke herkies het.**

**Die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, het die aanstelling namens die Grootraad waargeneem, waarna die offisiere, wat die stadsaal vol gesit het, hom uitbundig toegejuig en Psalm 134 toegesing het.**

**Die feit dat offisiere oor die lengte en breedte van die land hierdie vertroue en toegeneentheid uitgespreek het teenoor die man wat op hierdie tydstip juis deur 'n ongeëwenaarde skinderkampanje van fluisteraars en naamlose briewe in die H.N.P.-pers swartgesmeer word, getuig van die hopeloosheid van hierdie skinderpoging in daardie kringe waar die persoon van dr. Hans van Rensburg intiem geken word. Slegs daar waar hy onbekend is, word sukses behaal met die leuenveldtog — tot skande en skade van ons volk.**

**Genl. J. A. Smith is deur die K.G. weer aangestel as Adjunk-K.G., terwyl die offisiere dr. Van Zyl herkies het as Gebiedsleier. Dr. Van Zyl is ook deur die offisiere by monde van hfgnl. Willie Marsh geluk gewens met sy tydelike benoeming as professor in snykunde aan die Universiteit Kaapstad.**

# Hervorming Nodig

(vervolg van bladsy 1)

### VOLKSEIE STELSEL

Dit is geen diktatuur nie, soos diegene wat self daaraan deelgeneem het, nou wil voorgee nie. Die volk sou die president kies, wat dan sy ministerraad sou aanstel. Verder sou daar 'n gekose volksverteenwoordiging wees en 'n gemeenskaps- of beroepsraad om die regering by te staan met deskundige advies.

**In so 'n stelsel kan 'n party nie bestaan nie omdat hy geen funksie sal hê nie, soos dit trouens die geval in Transvaal en die Vrystaat was.**

Die O.B. wil die volk so saamsnoer en dissiplineer dat hy deur eie toedoen of deur omstandighede van buite sy staat kan omskep tot 'n vrye republiek. **Ons staat is vandag tot 'n mate onafhanklik, maar solank ons volk gebind is aan 'n staatstelsel wat van buite op hom afgedwing is, is hy geen vrye volk nie, het die Adjunk-K.G. gesê.**

### „BUITE PARTYPOLITIEK"

Ons sien reeds hoe onpraktiese dit is om groot volksvraagstukke binne hierdie vreemde stelsel op te los en elke dag lees ons van beroepe uit die mond van partyleiers self om dit uit die partypolitiek te lig dit wil sê dat alle volkskragte moet saamwerk vir 'n aanneemlike oplossing. **Dit is presies wat die O.B. wil hê. Maar nou word gesê hy strewe na 'n diktatuur en dit deur dieselfde mense wat hom bygestaan het in 1941. Op die komitee wat die magte van die president moes bepaal, het saam met spreker gedien 'n huidige minister van die Kroon! Toe was dit geen diktatuur nie! Maar nou is 'n O.B. onaanneemlik vir die stembus weens hierdie beleid.**

**Die O.B. is die beste in staat om hierdie gedagte te propageer omdat hy nie gebonde is aan kiesers soos 'n party nie. Hy kan dus sonder enige vrees vir kiesers voortgaan om pro-**

(vervolg in kolom 3)

(vervolg van kolom 5)

**paganda te maak vir hierdie hervorming totdat die volk dit aanvaar.**

Terwyl ons egter nog binne die parlementêre stelsel is, bepleit die O.B. samewerking tussen die verskillende nasionale partye, en doen hy sy plig ook in hierdie opsig in belang van volkseenheid, het genl. Smith besluit.